



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

BELEID OOR DIE VOORKOMING EN BEKAMPING VAN MENSEHANDEL

Verwysingsnommer	3P_3.20A
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
Beleideienaar	Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
Verantwoordelike afdeling	Direkteur: Werknemerverhoudinge en -welstand
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	17 November 2022
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	November 2025

BELEID OOR DIE VOORKOMING EN BEKAMPING VAN MENSEHANDEL

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 17 November 2022 aanvaar om die voorkoming en bekamping van mensehandel te reguleer.

1 Vertolking en toepassing

- 1.1 Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –
 - 1.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
 - 1.1.2 Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 7 van 2013;
 - 1.1.3 Verjaringswet, 68 van 1969;
 - 1.1.4 Strafproseswet, 51 of 1977;
 - 1.1.5 Strafwysigingswet, 105 van 1997;
 - 1.1.6 Wet op Getuiebeskerming, 112 van 1998;
 - 1.1.7 Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, 121 van 1998;
 - 1.1.8 Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 56 van 2001;
 - 1.1.9 Immigrasiewet, 13 van 2002;
 - 1.1.10 Kinderwet, 38 van 2005;
 - 1.1.11 (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) Wysigingswet, 32 van 2007; en
 - 1.1.12 "Child Justice Act", 75 van 2008.
- 1.2 Die inhoud van die volgende dokumente moet in ag geneem word in die vertolking en implementering van hierdie beleid:
 - 1.2.1 NWU se Waardestelling en Etiese Kode; en
 - 1.2.2 Gedragsbeleid en Gedragshandleiding.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

verwys **“uitbuiting”** na alle vorms van slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, seksuele uitbuiting, knegskap, dwangarbeid en kinderarbeid soos gedefinieer in artikel 1 van die Kinderwet, 2005.

verwys **“mensehandel”** na die lewering, werwing, vervoer, wegvoering, huisvesting, verkoop, ruil, verhuring of ontvangs van 'n ander persoon binne of oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika deur middel van 'n dreigement om leed aan te doen, 'n dreigement om geweld te gebruik of enige ander vorm van dwang, misbruik van kwesbaarheid, bedrog, misleiding, ontvoering, kinderroof, magmisbruik, die direkte of indirekte gee of ontvangs van betalings of voordele om toestemming te verkry van 'n persoon wat beheer of mag oor 'n ander persoon uitoefen, of die direkte of indirekte gee of ontvangs van betalings, vergoeding, belonings, voordele of enige ander voordeel, gerig op die persoon of 'n direkte familielid van die persoon of enige ander persoon in noue relasie tot die persoon, ten behoeve van enige vorm of wyse van uitbuiting.

3 Beleidsverklaring

- 3.1 NWU-studente, -werknemers, -verkopers, -verskaffers, -vennote en andere deur wie die NWU besigheid doen, insluitende hul werknemers, word verbied om –
- by enige vorm van mensehandel betrokke te wees;
 - vir kommersiële seksdade te betaal;
 - dwangarbeid te gebruik om enige werk te verrig;
 - 'n individu se identiteits- of immigrasiedokumente te vernietig, weg te steek, te konfiskeer, of andersins toegang daartoe te weier;
 - misleidende of bedrieglike praktyke te gebruik m.b.t. die werwingsproses vir werk aan 'n projek vir die NWU binne of buite Suid-Afrika, soos die versuim om sleutelbepalings en -voorwaardes van die indiensneming – soos lone en byvoordele, werkplek, lewensomstandighede, behuisingskoste, en enige gevare verbonde aan die die werk – aan die potensiële werker bekend te maak in 'n formaat en taal wat vir hom/haar toeganklik is;
 - van werwers gebruik te maak wat nie aan plaaslike arbeidswette voldoen in die lande waar werwing plaasvind nie; en
 - te versuim, indien wetlik of kontraktueel vereis, om 'n indiensnemingskontrak, werwingsooreenkoms, of soortgelyke werkpapier in die werknemer se moedertaal te voorsien voordat die werknemer uit sy of haar land van oorsprong vertrek om in 'n ander land aan die kontrak te gaan werk.
- 3.2 Die NWU erken dat daar 'n risiko bestaan dat 'n verskaffingsketting 'n verskuilde of onbekende subkontraakteur kan insluit wat van dwangarbeid gebruik maak. Alhoewel die risiko van moderne slawerny laag is vanweë die aard van die Universiteit se verskaffingskettings, neem die NWU sy verantwoordelikheid ernstig op om moderne slawerny te bekamp deur die volgende beleidsmaatreëls te aanvaar:
- die voorkoming, opsporing, en rapportering van moderne slawerny in enige deel van sy besigheid of verskaffingskettings is die verantwoordelikheid van almal wat direk of indirek vir die NWU werk;
 - toepaslike noulettendheidsprosesse moet gevolg word met betrekking tot moderne slawerny, wat kan insluit inagneming van die vlak van beskerming van menseregte in 'n sektor of land, die tipe sektor waarbinne 'n diensverskaffer werksaam is, die lande waaruit dienste gelewer word, die aard van verhoudinge met verskaffers, en die kompleksiteit van verskaffingsketting(s);
 - risikoassessering moet gedoen word op alle verskaffingskettinglyne met betrekking tot moderne slawerny en enige hoërisikoverskaffers moet geoudit word;
 - die NWU se standaardverkrygings- en -kontrakdokumentasie moet aandag gee aan die kwessies van slawerny en mensehandel;
 - persone wat werksaam is in sentrale Verkrygingsdienste moet opgelei word om die belangrikheid van hierdie bepalings in te sien;
 - die NWU moet almal aanmoedig om hulle uit te spreek oor kwessies m.b.t. moderne slawerny, deur gebruikmaking van die Beleid oor die rapportering van ongerymdhede en wanadministrasie deur werknemers, studente of lede van die publiek waar nodig, en moet enigiemand ondersteun wat te goeder trou optree in hierdie verband; en
 - die NWU se beleide en prosedures oor werwing, gelykheid, en vergoeding moet sy pogings ondersteun om moderne slawerny en mensehandel te bekamp.
- 3.3 Die NWU is daartoe verbind om 'n veilige omgewing te skep vir studie, navorsing, leef, werk en sosialisering.
- 3.4 Die NWU is verbind tot 'n werkomgewing wat vry is van mensehandel en slawerny.
- 3.5 Die NWU is gekant teen mensehandel, sekshandel en dwangarbeid, wat inherent skadelik is en indruis teen die Universiteit se kernwaardes, en wat 'n oortreding kan wees van toepaslike buitelandse en Suid-Afrikaanse wette, wat vir die doeleindes van hierdie beleid ongeoorloofde kinderarbeid insluit.
- 3.6 Hierdie beleid moet geïmplementeer word op 'n manier wat strook met die NWU se Etiese Kode en Gedragskode en sy kernwaardes om menswaardigheid en menseregte te beskerm en te bevorder in al die Universiteit se besigheidspraktyke.

4 Omvang

Hierdie beleid geld vir alle kampusse van die NWU, al sy studente, werknemers, tydelike werknemers, geleentheidswerkers (insluitende agentskapswerkers), agente, onafhanklike kontrakteurs en subkontrakteurs, en verkopers, verskaffers, vennote en ander entiteite deur wie die NWU besigheid doen.

5 Strafmaatreëls

- 5.1 Oortreding van hierdie beleid moet behartig word in ooreenstemming met die toepaslike universiteitsbeleide en -prosedures, met inbegrip van tugmaatreëls teen werknemers en studente, en beëindiging van die Universiteit se verhouding met die betrokke organisasie of verskaffer.
- 5.2 Vermeende oortreding van die wet met betrekking tot mensehandel moet aan die toepaslike wetstoepassingsagentskap gerapporteer word.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2022\Beleid oor die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel.docm
29 November 2022

Huidige gegewens: (11664754) [https://nwucloud.sharepoint.com/sites/NWU_RAM-PFR/Shared%20Documents/General/Combatting%20of%20Trafficking%20in%20Persons/2022/Ready%20for%20publication\Beleid oor die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel.docm](https://nwucloud.sharepoint.com/sites/NWU_RAM-PFR/Shared%20Documents/General/Combatting%20of%20Trafficking%20in%20Persons/2022/Ready%20for%20publication\Beleid%20oor%20die%20Voorkoming%20en%20Bekamping%20van%20Mensehandel.docm)
29 November 2022

Verwysingsnommer: 3P_3.20A